CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	■	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	■	■	d

Maak gebruik van die leesstuk-uittreksel oor *Smiggle*-skryfbehoeftes en beantwoord vrae 1 – 22.

1. **Gee 'n <u>antoniem</u> vir *'oorsese'*.**
(a) uitheems (b) uitheemse
(c) plaaslik (d) plaaslike

2. **Gee die <u>selfstandige naamwoord</u> vir die werkwoord *'ruik'*, in die konteks van die teks.**
(a) rykste (b) reik
(c) ryk (d) reuk

3. **Wat noem ons mense wat sing?**
(a) sangers (b) singers
(c) akteurs (d) platemaatskappye

4. **Rangskik die woorde in <u>alfabetiese volgorde</u>: *oorsese / handelsnaam / tossels / dele***
(a) dele / tossels / oorsese / handelsnaam
(b) dele / handelsnaam / oorsese / tossels
(c) handelsnaam / dele / tossels / oorsese
(d) tossels / oorsese / handelsnaam / dele

5. **Die korrekte <u>lettergreep</u>-indeling vir *'tekenprentkarakter'*, is .....**
(a) te-ken-prent-ka-rakter
(b) te-ken-prent-karak-ter
(c) te-ken-prent-ka-rak-ter
(d) teken-prent-ka-rak-ter

Smiggle is 'n oorsese handelsnaam vir skryfbehoeftes wat enige graad 5-leerling gelukkig sal maak. Daar is 'n verskeidenheid hardedop-pennesakkies: party ruik heerlik en ander het vrolike tossels. Penneblikkies wat dele het wat oopspring, is baie gewild. Dié penneblikkies het al ingeboude sakrekenaars en skerpmakers – iets wat jy gewoonlik moet aankoop!
Daar is pennesakkies met van die gewildste jong mense daarop wat sing. Jou gunsteling tekenprentkarakter sal ook êrens wees. Daar is ook populêre sêgoed wat op verskeie pennesakkies aangebring is, bv. *'Good vibes.'*
Ongelukkig sal jy óf na Amerika óf Australië moet reis om so 'n pennesakkie te bekom. As jy nie so gelukkig is om oorsee te kan gaan nie, kan jy altyd 'n pennesakkie aanlyn by www.smiggle.com of www.smiggle.co.uk bestel.
Daar is ook baie interessante skryfbehoeftes, bv.uitveërs wat soos *'minions'* lyk en soos vrugte ruik en lyk.
Die *'Hard Rock Cafe'*, het ook wonderlike skryfbehoeftes wat uit materiaal wat herwin is, gemaak word.
Moenie vergeet om Google die woorde: *'skryfbehoeftes en kreatief.'* Die Erin Condren-dagbeplanners help jou om jou lewe te organiseer. En die boek is boonop pragtig. *'PaperMate InkJoy Gel-penne'*, is spesiaal vir linkshandige mense ontwerp.
Ek glo dit is leerlinge se droom om die eienaar van een van dié interessante skryfbehoeftes te wees.

6. **Die afkorting *'bv.'*, staan vir .....**
(a) bynaamwoorde. (b) by dele.
(c) byvoordeel. (d) byvoorbeeld.

7. **Die <u>werkwoord</u> *'oopspring'*, is in die ..... tydsvorm geskryf.**
(a) teenwoordige (b) ontkennende
(c) toekomende (d) verlede

8. **Die <u>verkleining</u> van *'handelsnaam'*, is .....**
(a) handelsnaamtjie. (b) handelsnaampie.
(c) handelsname. (d) klein handelsnaam.

9. **Die <u>antoniem</u> van *'party'*, is .....**
(a) geen. (b) sommige. (c) partytjie. (d) pastei.

10. **'<u>Ongelukkig</u>', is 'n voorbeeld van die gebruik van 'n ..... om die <u>betekenis</u> van die woord te verander.**
(a) verkleinwoord (b) agtervoegsel
(c) voorvoegsel en agtervoegsel (d) meervoud

11. **Die <u>verkleinwoord</u> van *'uitveërs'*, is .....**
(a) uitveërtjie. (b) uitveërtjies.
(c) uitveërkie. (d) uitvee.

Voorbeeld

12. ***'Moenie wag nie!'*, is 'n voorbeeld van 'n .....**
(a) vraagsin. (b) bevelsin. (c) stelsin. (d) saamgestelde sin.

13. Vorm 'n nuwe <u>selfstandige</u> <u>naamwoord</u> met slegs 'n <u>agtervoegsel</u> van die werkwoord *'bestel'*.
(a) verstel (b) veronderstel (c) besteel (d) bestelling

14. Vul die ontbrekende <u>voorsetsel</u> in: *'Sy ruik ..... die uitveër, want dit ruik soos 'n aarbei.'*
(a) aan (b) van (c) in (d) vir

15. Iemand wat 'n eienaar is, ...
(a) is eie aan hom- of haarself.
(b) bestel aanlyn.
(c) wil graag iets hê.
(d) besit iets.

16. Die <u>enkelvoud</u> van *'skryfbehoeftes'*, is .....
(a) skryf. (b) skryfbehoef.
(c) skryfbehoefte. (d) behoeftig.

17. As jy 'n *'leerling'* is, beteken dit dat jy .....
(a) nog op skool is.
(b) aan 'n universiteit studeer.
(c) nog nie skool toe gaan nie.
(d) slegs vir die eksamen leer.

18. Die korrekte <u>oortreffende trap</u> (trappe van vergelyking) van die woord tussen hakies is .....
Smiggle het die (kreatief) skryfbehoeftes denkbaar in vergelyking met gewone skryfbehoeftes.
(a) kreatiewer (b) mees kreatief
(c) meer kreatief (d) kreatiefste

19. *'Verskeidenheid'*, beteken daar is .....
(a) 'n beperkte aantal om van te kies.
(b) verskillendes om van te kies.
(c) enkeles om van te kies.
(d) een of twee wat van mekaar verskil.

20. *'Dié penneblikkies het al ingeboude sakrekenaars en skerpmakers'*, se <u>ontkennende vorm</u>, is .....
(a) Dié penneblikkies het nog nooit ingeboude sakrekenaars en skerpmakers gehad nie.
(b) Dié penneblikkies het nie meer ingeboude sakrekenaars en skerpmakers nie.
(c) Dié penneblikkies het nog nie ingeboude sakrekenaars en skerpmakers nie.
(d) Dié penneblikkies het nie al ingeboude sakrekenaars en skerpmakers nie.

21. *'Smiggle is 'n oorsese handelsnaam'*, se <u>verlede tyd</u>, is .....
(a) *Smiggle* wou 'n oorsese handelsnaam gehad het.
(b) *Smiggle* wil 'n oorsese handelsnaam hê.
(c) *Smiggle* het 'n oorsese handelsnaam gehad.
(d) *Smiggle* was 'n oorsese handelsnaam.

22. *'Dié penneblikkies het al ingeboude sakrekenaars'*, in die <u>toekomende tyd</u>, is .....
(a) Dié penneblikkies het al ingeboude sakrekenaars gehaat.
(b) Dié penneblikkies sal al ingeboude sakrekenaars hê.
(c) Dié penneblikkies het al ingeboude sakrekenaars gehad.
(d) Dié penneblikkies sal al hê ingeboude sakrekenaars.

Lees die teks onder en beantwoord vrae 23 – 30.

Lyra en Sana het hulle tasse gepak en hulle is baie opgewonde om skool toe te gaan. Die skoolgebou is baie groot en lyk soos die land van melk en heuning. Daar is baie onderwysers. Hulle ma's het die volgende items vir hulle gekoop:

<u>Skoolklere</u>	<u>Skoolboeke</u>	<u>Skryfbehoeftes</u>
Skoolromp Skoolkouse Skoolskoene Skooltrui Skoolhemp	Skryfboeke met lyne Skryfblok (gepons) Lêers	Potlode Blou penne 1 uitveër 1 liniaal 1 pak inkleur-potlode

Items wat nie op die lys was nie, was 'n skooltas, 'n pennesakkie en natuurlik 'n kosblik en 'n waterbottel.
Die meisies eet hawermout, vrugte en drink elkeen 'n glas melk vir ontbyt. Hulle pak hulle tasse en ry saam met hulle mammas skool toe. Hulle is baie gelukkig by die skool.

voorbeeld